



Jeannette Ginslov <jeannette.ginslov@gmail.com>

(no subject)

1 message

Mariana Malan <mariana.malan@media24.com>
To: Jeannette Ginslov <jeannette.ginslov@gmail.com>

28 November 2012 10:27

Jeannette Ginslov was een van die eerste dansers wat produksies spesiaal vir film en video gechoreografeer het.

Mariana Malan

vind meer uit oor die veranderde wêreld van dansproduksies.

[headline]

Sommige mense is nog nie eers bedrewe op sosiale media nie. Hulle vind Facebook en Twitter vreemde begrippe. Hulle gaan behoorlik geruk word deur die begrip augmented reality (augmented reality).

Dan is daar tradisionalistes wat meen dans en ballet hoort op 'n verhoog en klaar. Ook vir hulle het Jeannette Ginslov 'n paar verrassings in die mou.

Ginslov en Dominique Jossie het *Screendance Africa* in 2012 gestig. Ginslov beskryf die missie van die maatskappy as "om plaaslike in internasionale dansfilms te help ontwikkel, vervaardig en te versprei".

"Ons probeer om die grense te skuif sodat mense dansvorme op die skerm kan geniet."

Sy verduidelik dat *screendance* 'n sameelterm waar elemente uit rolprent-, dans- en video-kuns op een skerm saamgevoeg word. Dis 'n interdisciplinêre kunsvorm.

Baie mense sien dadelik muisekvideo's voor die oog as hulle die term hoor. Daar is egter baie meer aan verbonde.

"In 'n dansfilm is daar gewoonlik 'n storielyn met 'n draaiboek en karakters. In 'n dansvideo is die choreografie die belangrikste. Dit word ontwikkel met die kamera se lens in gedagte. Daar word veral gekyk na die hoeke van waar verfilm sal word.

“Dan is daar die mees eksperimentele van almal – videodans. Dit het invloede van dogme, cinema verité en film noir. Dit gaan oor vraagstukke en het ’n oop einde. Dit ondersoek dinge en is ook die beste manier waarop die filosofie van die rolprentmaker oorgedra kan word.”

Ginslov is ’n baanbreker in Suid-Afrika op die gebied van *screendance*. Sy het vanjaar na Suid-Afrika teruggekeer nadat sy vir meer as drie jaar in Copenhagen met ’n studiebeurs van die Deense Kunsteraad gewerk en studeer het. Voor dit het sy ook in Skotland, Amerika en Spanje navorsing gedoen. Sedert sy teruggekom het, het sy al verskeie slypskole oor *screendance* by onder meer Rhodes Universiteit en Gipka in Kaapstad aangebied.

Sy vertel dat sy reeds in 1989 die moontlikhede van *screendance* begin ondersoek het. Sy is ’n opgeleide klassieke danser, maar nog nog “nog altyd ’n aktivis”. Haar eerste video *Sandstone* is by RAU verbied.

Ek het in 2000 in alle erns begin om video op die verhoog te gebruik. In 2006 het ek ’n meesterklas by Katrina McFearson in Londen bygewoon. Hier het ek werklik bewus geword van hoe ’n magtige medium *screendance* kan wees. Tegnologie en die internet bied aan kunstenaars ’n nuwe platvorm om hul werk te wys en bekend te stel. Dis baie opwindend.”

En dan boud sy jou vir ’n ses as sy begin vertel van ougementiewe realiteit.

“Dis ’n applikasie wat op onder meer die smarphone en tablette gebruik word. dit laat jou toe om virtuele inhoud soos video, 3D-animasie, klankgrepe en webbladsye te sien. Die applikasie herken beelde, simbole en objekte in die regte wêreld en plaas dan gelaaide inligting in ’n volgende laag op hierdie ‘werkliheid’.”

As dit jou asem wegslaan, gaan die toepassing hiervan dit waarsynlik nog meer doen. Sy beplan om dansers in verskillende dele van Kaapstad af te neem vir die *Infecting the City*-fees volgende jaar. Wanneer mense met hul selfone spesiale program (Orasma) dan op daardie plek kom, sal hulle die danser in die video sien dans.

“Dit is ’n ontsettende kragtige middel in sosiale media met eindelose moontlikhede vir kunstenaars maar ook adverteerders.”

Die produksie wat sy wil verfilm is 'n magies-realistiese storie *Midzimu* (meermin in Shona). Dit sal 'n liniêre storielyn hê en die pad volg van 'n meermin wat van die see af tot bo-op Tafelberg vorder.

“Kyk, dans op die verhoog sal altyd bly. Dit sal nie verdwyn nie. Maar al hierdie heerlike nuwe speelgoed is tot my beskikking. En is is dol daaroor om met alles gelyk te speel. Ek voel soos 'n baie suksesvolle jongleer.”

)Om na Ginslov se werk te kyk, gaan na <http://jeannetteginslov.com>. Al haar video's is te sien op WalkingGusto op YouTube.



Jeannette Ginslov

Foto:

[PHOTOGRAPHER]



Die danser Tori Myers in die produksie CoNCrEte van Ginslov. Toneel uit

Foto:

JEANNETTE GINSLOV

Mariana Malan

Diepteverslaggewer| In-depth journalist

T 021 406 3704 **S** 083 447 8987 **E** mmalan@dieburger.com

Naspers-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad, 8001. Posbus 692,
Kaapstad, 8000

Naspers Centre, 40 Heerengracht, Cape Town, 8001. PO Box 692, Cape
Town, 8000

This email and its contents are subject to an email legal notice that can be viewed at: <http://www.naspers.com/email/disclaimer.html>
Should you be unable to access the link provided, please email us for a copy at csc@optinet.net

Hierdie e-pos en sy inhoud is onderhewig aan 'n regskennisgewing oor elektroniese pos wat gelees kan word by
<http://www.naspers.com/epos/vrywaring.html> 'n Afskrif kan aangevra word by csc@optinet.net